

TOESPRAAK DEUR RAADSHEER DAN PLATO

UITVOERENDE BURGEMEESTER VAN KAAPSTAD

VOC Stigting–geleentheid

2 April 2011

Ons lewende erfenis bestaan uit al die voorwerpe en praktyke wat gemeenskappe en groepe as deel van hul kulturele erfenis beskou, en wat van generasie tot generasie oorgedra word. Dit wissel van mondelinge tradisies en geskiedenis, tot rituele en inheemse kennisstelsels wat bewaar is, of wat oor tyd nuwe dimensies tot ons lewende erfenis gevoeg het deur middel van die voortdurende interaksie tussen verskeie wêreldgemeenskappe wat oorspronklik in tyd en ruimte geskei was.

Ons moet erkenning verleen aan die rol wat die Kommandement Westelike Provinsie in die stigting van ons land gespeel het. Daarsonder sou hierdie stad nie bestaan het nie.

Lewende erfenis, nes enige ander menslike aktiwiteit, stam van toeka se dae af. Lewende erfenis is die ervaringe wat verskeie gemeenskappe beleef het. Dit is die geheel van ons gedeelde ervaringe wat ons die Suid-Afrika maak wat ons vandag is.

Hierdie is 'n gedenkwaardige geleentheid. Daar is min wêreldstede wat tydens hul 359ste verjaardagsvieringe die presiese dag en omstandighede van hul stigting ken en kan weergee.

Maar terselfdertyd moet ons ook besef dat hoewel sekere aspekte van ons geërfde kultuur bygedra het tot wie en wat ons vandag is, is daar ook 'n deel van ons geërfde kultuur wat nie gedenkwaardig is nie.

Die onaanvaarbare elemente in die kultuur wat ons geërf vorm egter deel van dít wat ons in ons stryd vir die fundamentele maatskaplike transformasie van ons land moet konfronteer. Ons erfenis gaan dus nie net oor taal, musiek en dans nie. Dit behels die politieke, ekonomiese en maatskaplike geskiedenis wat ook, nes ons kultuur, bepaal wie en wat ons is.

Ons is vandag ons vryheid verskuldig aan diegene wat die boeie afgegooi het in pogings om 'n werklik verenigde nasie te bou. Ten spyte van hul vernedering toe hul grond en vryheid weggeneem is en hulle tot blote houtkappers en waterdraers verkleineer is, het hulle geveg om 'n voorspoedige, mens-gerigte samelewing met vryheid en demokrasie, nie-rassisme en nie-seksismete te skep.

Ons land se erfenis bied ons 'n stewige fondasie waarop ons kan voortbou. Dit is belangrik dat ons al ons mense met dieselfde oë as onself sal sien. So sal elke nasionale groep ons sien vir wat ons is. Deur ons van die las van vooroordeel te bevry, kan ons ons diverse lewende erfenis vier. Ons moet glo dat daar 'n tyd sal kom waar dié kulture wat deur sommige as barbaars beskou is, deur ons almal as deel van ons unieke Suid-Afrikaanse kultuur aanvaar sal word.

Ons streef voortdurend na 'n land waar al sy mense verseker is van die reg om hul kultuur, taal, geloof en gebruike uit te leef en vryheid van uitdrukking en kreatiwiteit sonder inmenging kan geniet.

As regering glo ons alle bevolkingsgroepe kan die ryke en diverse erfenis van ons reënboognasie uitleef en vertoon. Die skep van 'n nie-rassige, nie-seksistiese, veel-talige en multi-kulturele samelewing is immers een van ons ideale.

Ons glo ook dat die deel en wedersydse waardering van kulturele ervarings deur die land se verskeie gemeenskappe daartoe sal bydra om nasionale versoening, nasiebou en maatskaplike samehorigheid teweeg te bring.

Ons wat vandag leef is bevoorreg om die geleentheid en potensiaal te hê om ons land die gelukkige tuiste vir al ons diverse bevolkingsgroepe te maak. Dit kom sekerlik 'n land toe wat as die wieg van die mensdom bekendstaan. 'n Groot deel van wat ons as 'n nasie geërf het skep vir ons die moontlikheid om hierdie edele doelwit te kan bereik, deur saam te werk as mede-Suid-Afrikaners, ge-inspireer deur 'n nuwe patriotisme.

Hierdie viering bied die ideale geleentheid vir die nuwe maatskaplike samehorigheid wat in die nuwe Suid-Afrika moontlik is. Al ons tradisies en geskiedenis vorm deel van ons unieke Suid-Afrika en ek bedank die Kommandement WestelikeProvinsie vir die kernrol wat hy in die totstandkoming van ons stad gespeel het.

Gelukkige verjaarsdag aan die hele Kaapstad!

Dankie.